# SARS ONDERTEKEN SAMEWERKINGOOREENKOMSTE MET DBS, GBO EN GPW

**Tshwane, 3 April 2025** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), het tesame met die Departement van Binnelandse Sake (DBS), die Grensbeheerowerheid (GBO) en die Staatsdrukkery (GPW) 'n reuse stap geneem jeens die koestering van sterker en meer geïntegreerde samewerking deur 'n ooreenkoms oor modernisering en digitalisering te onderteken. 'n Direkte ooreenkoms is tussen SARS en DBS onderteken wat 'n breë raamwerk van samewerking tussen die partye skep.

Hierdie ooreenkomste strook met die padkaart vir digitale transformasie van die regering wat die kabinet op 26 Maart 2025 goedgekeur het. Hierdie is 'n belangrike mylpaal wat uitdrukking gee aan die hele-regering-benadering om nuwe en ontvouende uitdagings met digitale identifikasie en gepaardgaande bedrogopsporing aan te spreek.

Die eerste ooreenkoms is tussen die SARS Kommissaris en die direkteur-generaal van DBS onderteken. Hierdie ooreenkoms blaas nuwe lewe in die vorige direkte meesterooreenkoms wat die wese van die langdurige verhouding, wat in 2010 begin het, tussen die partye was.  SARS het 'n belangrike rol vertolk om die DBS te help om hul eie gesofistikeerde IT-stelsels te ontwikkel. Vandag se ooreenkoms sal die samewerking ten opsigte van digitale platforms verdiep om sodoende dienste te verbeter en data te versterk.

Die tweede ooreenkoms is 'n veelvuldige-party-memorandum van verstandhouding tussen DBS, SARS, GBO en GPW. Dit verteenwoordig 'n stap vorentoe in die skepping van die regeringsraamwerk om die ontvouende strategiese vennootskap tussen die ondertekenaars in staat te stel, te versterk en oor toesig te hou. SARS en GBO het reeds jeens sterker gerigtheid en nouer samewerking gewerk. Hierdie belangrike ooreenkoms help om SARS en GBO strategies en operasioneel te integreer.

Kommissaris Kieswetter het gesê:

*"Die ooreenkomste wat vandag voltrek is, bewys die sukses van 'n hele-regering-benadering om moderne en gesofistikeerde uitdagings wat die regering in die gesig staar aan te spreek. Die geleentheid om 'n gemene platform te hê wat 'n unieke digitale identiteit vir individue en entiteite behels, sal die regering help om te verseker dat daar slegs een identiteit is waardeur die individu met die regering sake doen. Hierdie verenigde platform sal sekerlik dubbele bevoordeling voorkom, soos wanneer 'n individu 'n toelaag ontvang hoewel hulle in die staatdiens is. Dit sal ook 'n slim, moderne organisasie bou wat die beweging van mense moeiteloos maak".*

Livhuwani Makhode, direkteur-generaal van DBS, het sy blydskap oor die vernuwing van die ooreenkoms tussen DBS en SARS uitgespreek. Hy het gesê:

*"Hierdie uitsonderlike en betroubare verhouding met SARS, wat sedert 2010 bestaan, verteenwoordig 'n regte stap jeens die hantering van die tallose uitdagings wat Binnelandse Sake in die gesig staar. Die skep van 'n slim digitale platform om die vrye beweging van mense te bewerkstellig, terwyl daar verseker word dat ongunstige individue opgespoor word, sal 'n reuse sprong vorentoe wees. Omvattende gebruik van digitalisering, insluitend die gebruik van biometrika, is die wyse waarop die departement sake sal doen. Hierdie samewerking sal inisiatiewe bespoedig, soos elektroniese reispermitte, digitalisering van die naturalisasie-proses en die implementering van meer doeltreffende permanente-inwoningprotokols".*

Die DBS Kommissaris, dr. Masiapato, het die uitstekende samewerking tussen SARS en GBO geprys. Hy het gesê:

*"Die veelvuldige-party-ooreenkoms wat vandag onderteken is sal die verhouding verskerp wat reeds met SARS in plek was". Hy het die belangrikheid van die gebruik van die digitalisasie-proses by hawens van binnekoms en grenswettoepassende areas onderstreep. "Die bestaande energieke verhouding sal groot voordeel uit hierdie ooreenkoms trek en ware waarde vir reisigers in en uit die land skep, terwyl dit die vermoë verskerp om die beweging van onwettige migrante te stop".*

Die hoofuitvoerende beampte (HUB) van GPW, me. Alinah Fosi, het gesê dat dit 'n eer vir haar is om namens GPW deel van hierdie veelvuldige-party-ooreenkoms te vorm. Sy het gesê:

*"GPW is deel van die digitale ekosisteem en hierdie ooreenkoms sal dus die organisasie help om sy mandaat, strategiese rol en visie as 'n sertifiseringowerheid en digitale vertrouenssentrum uit te voer. GPW sal die rol van verifiëring en sertifisering van digitale ID's vertolk met die gebruik van e-regeringplatforms om RSA-burgers in staat te stel om hul dienste met die druk van 'n knoppie te bekom, ook met die gebruik van mobiele tegnologie. Dit is krities aangesien die sekuriteit van regeringdokumente verseker en vertrou sal wees. Die digitalisering van dokumente sal onteenseglik nie net hulle sekuriteit versterk nie, maar ook hul kwaliteit en outentisiteit verseker en sodoende 'n veilige en kommervrye reiservaring vir reisigers moontlik maak, veral met reis oor die kontinent en oorsee".*




*Foto: Ondertekening van veelvuldige-party-memorandum - links na regs: GBO Kommissaris, dr. Masiapato; SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter; GPW HBO, me. Alinah Fosi; DBS Direkteur-Generaal, mnr.Livhuwani Tommy Makhode.*

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.